Aros

# AKADEMIE REFORMATORIESE OPLEIDING EN STUDIES

## JAARBOEKINLIGTING 2027

### 1. Baccalaureus Educationis Honneurs in Leerondersteuning (SAKO-nr. 120643)

Die BEdHons in Leerondersteuning het ten doel om studente se teoretiese kennis in die leerondersteuningsveld te konsolideer en te verdiep ten einde leerders in laerskole (die Grondslagfase en Intermediêre Fase) met diverse leerhindernisse doeltreffend te assesseer, ondersteun en bemagtig. Die program sal studente in staat stel om diverse en unieke leervermoëns en -uitdagings te identifiseer en dit binne die gees van inklusiewe onderwys te akkommodeer.  Benewens die navorsingsvaardighede waarop die BEdHons in Leerondersteuning fokus, wil hierdie kwalifikasie ook daarom voornemende en dienende onderwysers vanuit 'n Christelike perspektief met die nodig kennis en vaardighede toerus.

**Toelatingsvereistes**

- 'n Professionele vierjaar-onderwysgraad; OF
- 'n Toepaslike baccalaureusgraad en ’n erkende professionele onderwyskwalifikasie; OF
- 'n Professionele vierjaar-onderwyskwalifikasie, asook ’n gevorderde diploma in 'n verwante subveld van die onderwys; EN
- 'n Minimum gemiddelde punt van 60% vir die bogenoemde voorvereiste verwerfde kwalifikasie.

**Let asb. op die volgende belangrike inligting:**

- Indien 'n voornemende student oor die voorvereiste kwalifikasie beskik, maar nie 'n minimum gemiddelde punt van 60% vir hierdie kwalifikasie behaal het nie, kan hy/sy steeds aansoek doen indien hy/sy ten minste 5 jaar se werksondervinding opgedoen het ná werwing van die kwalifikasie.  Die voornemende student moet 'n bewys van onderwyservaring verskaf deur middel van 'n gestempelde briefhoof van die betrokke skool/skole waarin ervaring opgedoen is.
- Studente wat nie 'n navorsingsmodule op voorgraadse (vlak 7) voltooi het nie, moet 'n addisionele navorsingsmodule tydens die eerste studiejaar voltooi en die deeltydse opsie kies.
- Toelating van studente vind plaas volgens die kapasiteit van studieleiers en ook na goeddunke van die Toelatingskomitee om te verseker dat voornemende studente oor die nodige akademiese vermoëns beskik wat vir 'n NKR-vlak 8-kwalifikasie vereis word.
- 'n Motiveringsbrief word benodig indien die aansoeker nie in die Grondslag- of Intermediêre Fase gespesialiseer het nie.

**Kwalifikasie-inligting**

- Minimumvoorvereiste: Baccalaureusgraad
- NKR-vlak: 8
- Minimum tydperk: 1 jaar
- Verlengde program: 2 jaar

**Metode van aanbieding**

- Die kurrikulum word deur middel van afstandsonderrig aangebied. Die lesings word weekliks op e-Klas (Aros se amptelike aanlyn leerplatform) beskikbaar gestel.
- Addisionele ondersteuning word deur middel van interaktiewe aanlyn sessies gebied. Tydens hierdie sessies kan u vrae aan dosente stel en verdere toeligting ontvang. Die sessies word opgeneem en word later op e-Klas vir besigtiging beskikbaar gestel.
- Dosente en assistente is beskikbaar vir konsultasies via e-pos, aanlyn of op kampus.
- Toetse en eksamens word aanlyn afgelê (Maandag tot Saterdag: tydens die dag of vroegaand). Datums en tye word vroegtydig gekommunikeer.

**Koste per jaar in 2027**

- Aansoekfooi: R250.00
- Registrasie: R3 500.00 (eerste deposito betaalbaar in Januarie 2027)
- Klasgeld: R53 030.00
- Handboekkoste (ongeveer): R7 500.00

**Beskikbare kurrikulums**

**O500P**

**Kwalifikasie met onderskeiding**

ʼn Student wat ʻn gemiddeld van 75% vir al die kern- en elektiewe modules behaal het, behaal die kwalifikasie met onderskeiding.

**Programuitkomste**

Ná die voltooiing van hierdie program is dit Aros se verwagting dat ʻn gegradueerde oor die volgende eienskappe en vaardighede sal beskik:

- toon kennis van en betrokkenheid by teorie en praktyk wat aan die spits van leerderondersteuning in ʻn Christelike onderwyskonteks staan;
- voer navorsing uit en lewer krities en analities verslag oor bevindings en aanbevelings;
- ontwerp inklusiewe onderwysstrategieë in die klaskamer- en skoolkonteks;
- toon die vermoë om leiding en berading aan belanghebbendes in verskeie kontekste te bied, asook om na toepaslike ondersteuningsprofessies te verwys en die ondersteuningsproses te monitor;
- beplan, analiseer en evalueer geletterdheids- en/of gesyferdheidsintervensies binne spesifieke kontekste of gevallestudies wat op ʻn Christelik-Reformatoriese grondslag geskoei is; en
- bepaal en evalueer leergereedheid ten einde die leerder vir die Suid-Afrikaanse omgewing en konteks voor te berei.

**Kurrikulums**

## O500P

| | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Kwartaal 1** | | | **Kwartaal 2** | | | **Kwartaal 3** | | | **Kwartaal 4** | | |
| **Jaar 1** | | | | | | | | | | | | |
| Kern | IDAH611 | 10 | 8 | IKLO621 | 8 | 8 | BBBG611 | 8 | 8 | FLOE621 | 10 | 8 |
| | IKLO611 | 8 | 8 | LOIW611 | 12 | 8 | LOIT621 | 12 | 8 | PNAV631 | 12 | 8 |
| | NAVS611 | 4 | 8 | NAVS611 | 8 | 8 | PNAV631 | 12 | 8 | | | |
| | OLTP611 | 10 | 8 | PNAV631 | 4 | 8 | SKGH621 | 8 | 8 | | | |
| | PNAV631 | 2 | 8 | | | | | | | | | |
| | | **34** | | | **32** | | | **40** | | | **22** | |
| **Kurrikulumtotaal** | | **128** | | | | | | | | | | |

## O500P (Voorbeeld van verlengde kurrikulum)

| | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR | Module | Kr | NKR |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **Kwartaal 1** | | | **Kwartaal 2** | | | **Kwartaal 3** | | | **Kwartaal 4** | | |
| **Jaar 1** | | | | | | | | | | | | |
| Kern | IDAH611 | 10 | 8 | IKLO621 | 8 | 8 | BBBG611 | 8 | 8 | FLOE621 | 10 | 8 |
| | IKLO611 | 8 | 8 | LOIW611 | 12 | 8 | LOIT621 | 12 | 8 | | | |
| | OLTP611 | 10 | 8 | | | | SKGH621 | 8 | 8 | | | |
| | | **28** | | | **20** | | | **28** | | | **10** | |
| **Jaar 2** | | | | | | | | | | | | |
| Kern | NAVS611 | 4 | 8 | NAVS611 | 8 | 8 | PNAV631 | 12 | 8 | PNAV631 | 12 | 8 |
| | PNAV631 | 2 | 8 | PNAV631 | 4 | 8 | | | | | | |
| | | **6** | | | **12** | | | **12** | | | **12** | |
| **Kurrikulumtotaal** | | **128** | | | | | | | | | | |

## Modules en voorvereistes

| Kode | Module | NKR | Kr | Vereiste 40% | Geslaag | Registreer of geslaag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| BBBG611 | Inleiding tot Begeleiding en Berading | 8 | 8 | | | |
| FLOE621 | Filosofie van die Opvoeding | 8 | 10 | | | |
| IDAH611 | Identifisering en Diagnostiese Assessering van Intrinsieke Leerhindernisse | 8 | 10 | | | |
| IKLO611 | Inklusiewe Onderwys 1 | 8 | 8 | | | |
| IKLO621 | Inklusiewe Onderwys 2 | 8 | 8 | | | |
| LOIT621 | Leerondersteuning in Taal | 8 | 12 | | | |
| LOIW611 | Leerondersteuning in Wiskunde | 8 | 12 | | | |
| NAVS611 | Inleiding tot Opvoedkundige Navorsing | 8 | 12 | | | |
| OLTP611 | Onderrig en Leer in Teorie en die Praktyk | 8 | 10 | | | |
| PNAV631 | Opvoedkundige Navorsing | 8 | 30 | | | NAVS611 |
| SKGH621 | Leergereedheid | 8 | 8 | | | |

## Module-uitkomste

**BBBG611** **Krediete: 8** **NKR-vlak: 8**

**Inleiding tot Begeleiding en Berading**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- leerders kan identifiseer met emosionele of lewensprobleme wat leiding en ondersteuning benodig;
- insig kan toon in die waardes wat onderliggend tot die hulpverleningsverhouding is, insluitend respek en empatie wat deel is van die proses waartydens ’n wedersyds empatiese verhouding met die persoon (die leerder wat hulp benodig) gevestig word;
- ’n terapeutiese verhouding kan bou wat op vertroue gegrond is en die vermoë kan toon om tot die kern van die probleem deur te dring deur die omstandighede van die leerder te ondersoek deur middel van die ekosistemiese perspektief; en
- die persoon (leerder) deur die verskillende fases van probleembestuur kan lei: ondersoek die kwessies, stel die kwessies vas, bestuur die uitkomste, stel doelwitte en stel planne op om die doelwitte te bereik.

**FLOE621** **Krediete: 10** **NKR-vlak: 8**

**Filosofie van die Opvoeding**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die vermoë demonstreer om ’n persoonlike wêreldbeskouing en filosofiese raamwerk met betrekking tot die onderwys te formuleer;
- kennis demonstreer van en betrokke wees by prominente filosofiese, pedagogiese tekste en denkers asook kontemporêre onderwysteorieë oor kwessies soos onderrig en leer, skole en die kurrikulum, wat ’n gesprek vanuit ’n Christelike perspektief op die onderwys sal insluit; en
- die vermoë toon om te kommunikeer en idees en teorieë oor die onderwys aan te bied deur kreatiewe insigte, akkurate interpretasies en oplossings vir probleme en kwessies wat binne die Suid-Afrikaanse konteks ter sake is op ’n doeltreffende wyse te bied.

**IDAH611** **Krediete: 10** **NKR-vlak: 8**

**Identifisering en Diagnostiese Assessering van Intrinsieke Leerhindernisse**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gespesialiseerde GIK en PIK kan demontreer van die identifisering en assessering m.b.t. ’n wye verskeidenheid van intrinsieke leerhindernisse, waarby fisiese, perseptuele en inligtingverwerkingsleerhindernisse in ’n inklusiewe klaskamer ingesluit is, deur die gebruik van gepaste assesseringsinstrumente en -benaderings ten einde leerondersteuning te bevorder;
- ’n goed geïntegreerde begrip toon van hul eie oriëntasie, waardes en houdings teenoor ’n wye verskeidenheid van intrinsieke leerhindernisse sowel as die assessering van leerders wat hierdie hindernisse ervaar; en
- etiese en professionele standaarde kan toepas tydens die neem en verdediging van besluite binne ’n ondersteunende en inklusiewe omgewing.

**Inklusiewe Onderwys 1**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die geskiedenis van leerondersteuning in Suid-Afrika oorsigtelik kan analiseer en bespreek en ook die rol van *Witskrif 6* in die implementering en beoefening van inklusiewe onderrig in Suid-Afrikaanse skole kan analiseer;
- insluiting as konsep kan verduidelik en krities kan analiseer, asook die ontwikkeling en implikasies van inklusiewe onderrig in Suid-Afrika deur ’n reeks teorieë te gebruik, insluitend Bronfenbrenner se bio-ekologiese teorie;
- hindernisvrye onderwys in Suid-Afrika as konsep kan verduidelik, met inagneming van die Grondwet, die Skolewet en ander wetgewing, asook etiek, norme en waardes;
- sosio-ekonomiese faktore kan identifiseer en verduidelik wat tot hindernisse in ontwikkeling en leer mag lei; begrip kan toon van hierdie faktore se impak op die ontwikkeling, leer en onderrig van die Suid-Afrikaanse leerder; en die korrekte strategieë kan implementeer om die effek van die sosio-ekonomiese leerhindernisse teë te werk;
- die assesserings- en leerondersteuningsproses kan analiseer en toepas ooreenkomstig die "SIAS"-beleid ( Siftings-, Identifikasie-, Assesserings-, en Ondersteuningsbeleid) en ook die voorgeskrewe prosedures kan toepas, wat ’n holistiese begrip van die leerder se ondersteuningsbehoeftes sal bied;
- die voorsiening van leerderondersteuning kan bespreek en demonstreer binne die konteks van ’n inklusiewe onderwysstelsel en verskeie leerondersteuningstrategieë kan toepas om diverse leerders in die klaskamer te akkommodeer; en
- ’n individuele ondersteuningsplan (IOP) vir leerders kan ontwerp wat leerhindernisse ervaar, gebaseer op ’n gegewe gevallestudie.

**IKLO621** **Krediete: 8** **NKR-vlak: 8**

**Inklusiewe Onderwys 2**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- die teoretiese grondslag, beginsels, voordele en uitdagings verbonde aan multivlakonderrig kan identifiseer en bespreek;
- strategieë kan toepas om leerders in ’n inklusiewe klaskamer te leer ken deur ’n inligtings-, analise- en mobilisasie-driestapplan te volg om intervensies en aanpassings te beplan ten einde leerders met individuele behoeftes te ondersteun;
- strategieë kan toepas met die oog op die voorkoming en die aanlering van vaardighede om probleemgedrag die hoof te bied deur leerdergedrag te identifiseer en te verstaan en insig te hê in onderwyser se reaksies ten gevolge van die uitdagende gedrag;
- koöperatiewe leeromgewings kan skep wat bevorderlik vir multivlakonderrig en leer is;
- multivlakonderrig en leerstrategieë kan ontwikkel en toepas deur verskillende aanpassingstyle, die gebruik van taksonomieë en die aanpassingsleer; en
- multivlakassessering op verskeie vlakke kan toepas deur middel van assesseringsriglyne, rekordhouding en verslaglewering op ’n regverdige en eties-geldige wyse binne die raamwerk van Suid-Afrikaanse onderwysbeleide.

**LOIT621** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 8**

**Leerondersteuning in Taal**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- GIK en PIK toon van taalassesseringsinstrumente sowel as benaderings om spesifieke hindernisse met betrekking tot taal te identifiseer en analiseer;
- GIK en PIK toon rakende die gebruik van assesseringsinstrumente en -benaderings in taal om geïntegreerde, geïndividualiseerde onderrig-en-leer-ondersteuningsprogramme in ’n inklusiewe klaskamer te bevorder en implementeer;
- geïndividualiseerde onderrig-en-leerprogramme kan ontwikkel wat op Vygotsky se steierwerk en Piaget se teorie oor kognitiewe ontwikkeling gebaseer is;
- ’n goed geïntegreerde begrip toon van hul eie oriëntasie, waardes en houdings teenoor leerders wat leerhindernisse in taal ondervind;
- ’n goed geïntegreerde begrip van hul eie oriëntasie, waardes en houding teenoor die ontwikkeling van ’n geïntegreerde leerondersteuningskurrikulum toon;
- ’n wye verskeidenheid van gespesialiseerde vaardighede kan toepas om komplekse leerhindernisse in taal te identifiseer, assesseer en analiseer; en
- etiese en professionele standaarde kan toepas wanneer besluite binne ’n ondersteunende, fasiliterende en beradingsomgewing geneem word.

**LOIW611** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 8**

### Leerondersteuning in Wiskunde

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- GIK en PIK toon van wiskunde-assesseringsinstrumente sowel as benaderings om spesifieke hindernisse met betrekking tot wiskunde te identifiseer en analiseer;
- GIK en PIK toon rakende die opstel van geïntegreerde, geïndividualiseerde onderrig-en-leer-ondersteuningsprogramme in wiskunde ten einde inklusiwiteit in die klaskamer te bevorder en te implementeer;
- geïndividualiseerde wiskunde-onderrig-en-leer-programme kan ontwikkel wat op Vygotsky se steierwerkteorie en Piaget se teorie oor kognitiewe ontwikkeling gebaseer is;
- ‘n goed geïntegreerde begrip toon van hul eie oriëntasie, waardes en houdings teenoor leerders wat leerhindernisse in wiskunde ondervind;
- ‘n wye verskeidenheid van gespesialiseerde vaardighede kan toepas om komplekse leerhindernisse in wiskunde te identifiseer, assesseer en analiseer; en
- etiese en professionele standaarde kan toepas wanneer besluite binne ‘n ondersteunende, fasiliterende en inklusiewe wiskundeklaskamer geneem word.

**NAVS611** **Krediete: 12** **NKR-vlak: 8**

### Inleiding tot Opvoedkundige Navorsing

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- onderwysteorieë, -konsepte en -idees kan definieer en beskryf;
- verskillende navorsingsparadigmas, filosofiese wêreldbeskouings en navorsingsbenaderings kan verduidelik en ondersoek;
- navorsingsvrae en -probleme in verskeie onderwyskontekste kan evalueer;
- etiese en betroubaarheidsoorwegings kan beskryf wat in berekening gebring moet word wanneer navorsing uitgevoer word; en
- ’n navorsingsvoorstel ontwikkel wat uitkomste 1 tot 4 integreer deur die gepaste formaat en verwysingsmetode te gebruik.

**OLTP611** **Krediete: 10** **NKR-vlak: 8**

**Onderrig en Leer in Teorie en die Praktyk**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- kennis en begrip toon van die grondslae van gehalte-didaktiek vir onderrig-en-leer-doeleindes;
- die vermoë toon om gehalte-onderrig en -leer te beplan, te benut, te evalueer en daaroor te reflekteer binne verskeie kontekste en leerareas;
- die vermoë toon om verskeie onderrigstrategieë soos direkte onderrig, bespreking, kleingroepe, koöperatiewe leer, probleemoplossing, navorsing deur leerders en gevallestudies binne verskeie kontekste en leerareas te gebruik;
- begrip toon vir die kompleksiteit daaraan verbonde om doeltreffende klaskamerbestuurstrategieë, soos doeltreffende klaskameruitleg en administrasie, te kies en toe te pas; en
- die vermoë toon om kreatiewe insig, nougesette interpretasies en oplossings vir onderrig-en-leer-probleme te bied wat binne die konteks en vir die leerareas gepas is.

**PNAV631** **Krediete: 30** **NKR-vlak: 8**

**Opvoedkundige Navorsing**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- ’n probleem in ’n spesifieke veld of dissipline kan identifiseer, dit omskryf en daaroor navorsing kan doen;
- die projek kan beplan op grond van die probleem en navorsing wat binne ’n spesifieke veld of dissipline geïdentifiseer is;
- ’n navorsingsprojek met ondersteunende mentorskap kan uitvoer; en
- ’n goeie wetenskaplike navorsingsverslag kan saamstel, wat uitkomste 1 tot 3 hier bo integreer, deur die korrekte formaat en redigering te gebruik.

**Leergereedheid**

Ná die voltooiing van hierdie module sal studente

- gespesialiseerde GIK en PIK (gehegtheidsteorie en "CBMoTD") kan toon rakende die belang van die herstel van die emosionele welstand en gesonde selfbegrip van leerders wat leerhindernisse ervaar ten einde te verseker dat sodanige leerders hul hindernisse oorkom en positiewe akademiese identiteite ontwikkel;
- 'n goed geïntegreerde begrip demonstreer van hul eie oriëntasie, waardes en houding teenoor die emosionele ondersteuning van leerders met onvoldoende leergereedheid deur 'n positiewe onderwys-leerder-verhouding met leerders te bou (gehegtheidsteorie); hulself daaraan verbind om verantwoordelikheid te neem om hierdie leerders te ondersteun; en verseker dat hulle (die studente) ook verbind bly tot deurlopende professionele ontwikkeling ten einde die beste moontlike ondersteuning aan die sukkelende leerders te bied (Probleemgebaseerde Ontwikkelingsmodel vir Onderwysers); en
- etiese en professionele standaarde kan toepas tydens die neem en verdediging van besluite binne 'n ondersteunende en inklusiewe omgewing.